

**Vrydag 20 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handeling 18-20; 1 Korintiërs 16:9**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 16:9 (AFR53/2020)**

**Die werksplek is 'n deur vir die evangelie**

Reeds in Handeling 18 sien ons Paulus in die werksplek saam met mede-tentmakers, Aquila en Priscilla. Wanneer hy van Korinte na Efese vertrek, neem Paulus hierdie twee werksgenote saam.

Dit is in Efese, vanuit die werksomgewing van die silwersmid en tempelbeeldjievervaardiger, Demetrius, waar Paulus geweldige teenstand ondervind. Desondanks het hy twee jaar lank die EVANGELIE (DIE WEG) aan hulle verkondig. Hy skryf aan die Korintiërs dat 'n groot en kragtige deur vir hom oopgegaan het. Daar is ruim geleentheid om effektief die blye boodskap, die weg, die waarheid en die lewe (Jesus Christus) aan hulle te verkondig. Wie sou dit kon dink? Daar tussen tentmakers en silwersmede is ruim geleentheid om die Woord te verkondig.

'n Lidmaat van die GKSA het eenmaal op die sendingveld in Malawi saam met 'n jong Duitse vroujie in 'n groep beland wat 'n hele mied mielikoppe se pitte moes afmaak. Gou het die twee dames 'n sisteem ontwikkel om met Duitse presisie en Boere-werksetiek vinniger as al die ander hulle hoop mielikoppe deur te werk. In 'n japtrap het hulle met hulle emmers pitte by die projekleier opgedaag, wat toe aan hulle sê: "Julle mis die punt, as julle rustig daar saam met die ander vroue sit en pitte afmaak, het julle ruim geleentheid om Christus en wat Hy vir jóú beteken, met mekaar te deel!"

Hoe oop staan die deur nie? En hoe maklik mis ons nie die geleentheid in die werksplek nie! Is dit omdat ons ingesteldheid verkeerd is, of omdat ons bang is vir die teëstand?

*Sing: Psalm 73-1:11*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*